LAER VOLKSKOOL
GRAAFF-REINET

NUUSBRIEF
Nommer 19
8 Junie 2018

UIT DIE KANTOOR

Geagte Ouers

Kleurvolle Karakter 2018
Verantwoordelik

Die eksamen is op hande en elke Volkskool huishouding kan die druk en verantwoordelikheid voel. Baie sterkte aan elke leerling in hierdie tyd. Ons bedank ook die Graad 3's vir hulle kleurvolle boog wat ons so pas toegevoeg het aan ons karakterreënboog. Winston Churchill het gesê: " The price of greatness is responsibility"

Waarvoor staan die pilaar van verantwoordelikheid?

'n Verantwoordelike persoon:

1. Doen sy/haar **plig.**
2. Is **selfbeheersd**.
3. Kies 'n **positiewe** houding.
4. Strewe na **uitnemendheid**.
5. Stel 'n goeie **voorbeeld**.
6. Beplan en stel **doelwitte**.



RAPPORTE
Weens verskeie probleme met die uitgee van die rapporte aan die einde van elke kwartaal word die volgende reëlings in die verband aan ouers deurgegee.

Die skool sluit hierdie kwartaal amptelik 22 Junie. Rapporte sal Donderdag 21 Junie aan die leerlinge uitgedeel word. Ouers moet dit asseblief nie self afhaal nie aangesien dit 'n normale akademiese skooldag is en dit groot ontwrigting veroorsaak. Indien 'n leerling nie by die skool is nie kan dit 22 Junie by die skoolhoof afgehaal word of aan die begin van die derde kwartaal. Koshuisleerlinge ontruim die koshuis op 21 Junie na skool en sal dus hul rapporte reeds ontvang het. GEEN RAPPORTE SAL GE-EPOS OF GEFAKS WORD NIE.

Ouers kan nie vakansiereëlings vir die laaste week van die kwartaal tref nie aangesien daar normale akademiese periodes gevolg sal word en leerlinge is verplig om skool by te woon. Die onderwysers begin dan reeds met volgende kwartaal se akademie. Skoolwerk wat leerlinge mis weens afwesigheid omdat hulle met vakansie is, sal nie met hulle ingehaal word deur die onderwysers nie. Enige formele assesserings wat in hierdie tyd afgeneem word se punte sal ook verbeur word.

FONDSINSAMELING
Die vlaggie-dag vind Maandag, 18 Junie plaas. Die vlaggie-gelde sluit Vrydag, 15 Junie. Behalwe die koedoe, springbokke en draadkar is daar ‘n Windmill-geskenkbewys, rugbyballe, tennissak en items ter waarde van R300 by Crazy Store, Polka se monster melkskommel geskenkbewys en vele meer te wen vir net R5,00.

Ons nooi die ouers om vanaf 10:30 ‘n draai by die skool te kom maak. Daar gaan pannekoek, biltong, vetkoek vir middagete ens. te koop wees.

TENNISHUISIE
Die tennishuisie is mooi reggemaak. Ons wil dit nie net vir tennis, maar ook tydens netbal en rugbywedstryde vir onderwysers en afrigters gebruik.Ons het al ‘n koffieperkuleerder en is nou op soek na ou banke wat nie meer gebruik word nie. Asseblief as daar iemand is wat ontslae wil raak van ou meubels, kontak asb. die skool.

PRETDAG
Dinsdag, 19 Junie hou ons ‘n tennis pretdag. Inskrywings is by mev Van Wyk beskikbaar. Almal moet ‘n dubbels maat hê. Daar is pryse te wen.

OOV-HULP MET SPORTDAE
Die OOV het die afgelope twee Saterdae baie suksesvolle verkope gehad tydens die sportdae. BAIE dankie aan elke ouer wat 'n bydrae gemaak het of gehelp het met voorbereidings en verkope. Ons waardeer dit opreg!

VLIEG HOOG-LOOTJIES
Baie dankie aan elke ouer en onderwyser wat hierdie projek aangemoedig en ondersteun het! Ons het R71 128.00 ingesamel en is baie trots op die projek! Ons sal jul op hoogte hou hoe hierdie geld aangewend sal word. Die gelukkige trekking en aankondiging van die Graad-wenners vind Maandagoggend, 11 Junie plaas. Wenners sal verdere inligting ontvang ivm hul lugballon- en helikoptervlugte.

INTERSKOLE-PROMOSIE
Dit is vanjaar Laer Volkskool se beurt om die Interskole-byeenkoms op 11 Augustus aan te bied. Ons het promosie-produkte vir hierdie geleentheid, wat beskikbaar is by die KLEREBANK. Gaan kyk en koop gerus! 'n Voorbeeld hiervan sal ook by Brenda wees om te besigtig.
Trots Volkskool 'Buff' @ R70
Trots Volkskool 'drawstring bag' @ R50
Leerders mag die buffs by hul skoolsweetpakke dra, maar nie by hul skooldrag.

SPORT

SPORTDAG TEEN KAREL THERON EN NIKO BRUMMER

RUGBY		
Niko Brummer		
	Laer Volkskool	**Teenstanders**
o.7	5	35
o.8	0	50
o.9	40	10
o.11	24	5
o.13	7	14
Karel Theron		
o.7	65	0
o.9	45	0
o.11	15	5
o.13	26	14
Graaff-Reinet Primêr		
o.8	10	10

NETBAL		
Niko Brummer		
	Laer Volkskool	**Teenstanders**
o.7	1	4
o.8	5	2
o.9	5	2
o.10	2	2
o.11A	4	7
o.13C	1	11
o.13B	3	15
o.13A	4	9
Karel Theron		
o.7	1	3
o.8	9	0
o.9	10	1
o.10	2	3
o.11B	5	4
o.11A	5	6
o.13C	2	9
o.13B	5	17
o.13A	8	33

Union Karoo Hokkiedag

HOKKIE			
	Laer Volkskool	**Teenstanders**	
o.13B	0	0	**Graaff-Reinet Primêr**
	0	4	**Union**
o.13A	1	0	**Gill**
	1	1	**Union**

GEDAGTE VIR DIE WEEK

Liefde vir mekaar is God se opdrag,
Hy verwag dat ons mekaar sal dien,
dat ons nie foute of verskille,
maar vir Hom in ons naaste sal sien.
Spreuke 10:12

D Joubert
Skoolhoof
Epos: hooflvs@webmail.co.za
Tel: 049-8910806

ADVERTENSIE

My Skoolalbum/My School Album

Tweetalige bekostigbare skoolalbum. Begin met 'n stamboomblad en daarna van voorskool tot Gr 12 'n afdeling vir elke graad se klas en sportfoto's, sertifikate en rapporte. 'n Ware kosbare geskenk om saam met jou kind te bou tot in Matriek. Prys is R200.00 per album. Kontak Adéle van den Berg 0716243271 .